*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*


# STAATSKOERANT
VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
# GOVERNMENT GAZETTE

PRYS + 1c AVB 20c PRICE + 1c GST

*As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer* BUITELANDS 30c ABROAD *Registered at the Post Office as a Newspaper*

POSVRY · POST FREE

VOL. 182] PRETORIA, 1 AUGUSTUS / AUGUST 1980 [No. 7166


## PROKLAMASIE

*van die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika*

No. 131, 1980

OORDRAG VAN GESAG AAN DIE ADMINISTRATEUR-GENERAAL MET BETREKKING TOT DIE ADMINISTRASIE VAN SEKERE BEPALINGS VAN DIE VERDEDIGINGSWET, 1957, IN SUIDWES-AFRIKA

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 38 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 39 van 1968), maak ek hierby die wette in die Bylae vervat.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Een-en-dertigste dag van Julie Eenduisend Negehonderd-en-tagtig.

M. VILJOEN, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

S. P. BOTHA.

BYLAE

*Woordomskrywings*

1. In hierdie Proklamasie, tensy uit die samehang anders blyk, het 'n uitdrukking waaraan 'n betekenis in die Verdedigingswet toegeskryf is, die betekenis aldus daaraan toegeskryf, en beteken—

(i) "gebied" die gebied Suidwes-Afrika; (iv)

(ii) "Regeringsdienswet" die Regeringsdienswet, 1980 (Wet 2 van 1980), van die Nasionale Vergadering van Suidwes-Afrika; (ii)

(iii) "Suidwes-Afrikaanse Gebiedsmag" die eenhede van die Suid-Afrikaanse Weermag kragtens die bepalings van die Verdedigingswet ingedeel in en as die Suidwes-Afrikaanse Gebiedsmag en genoem in Goewermentskennisgewing AG. 105 van 1980 in die *Offisiële Koerant* van die gebied op 1 Augustus 1980 gepubliseer, soos van tyd tot tyd by soortgelyke kennisgewing gewysig; (iii)

(iv) "Verdedigingswet" die Verdedigingswet, 1957 (Wet 44 van 1957). (i)

## PROCLAMATION

*by the State President of the Republic of South Africa*

No. 131, 1980

TRANSFER OF AUTHORITY TO ADMINISTRATOR-GENERAL IN RELATION TO THE ADMINISTRATION OF CERTAIN PROVISIONS OF THE DEFENCE ACT, 1957, IN SOUTH WEST AFRICA

Under the powers vested in me by section 38 of the South West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968), I hereby make the laws set out in the Schedule.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria on this Thirty-first day of July, One thousand Nine hundred and Eighty.

M. VILJOEN, State President.

By Order of the State President-in-Council:

S. P. BOTHA.

SCHEDULE

*Definitions*

1. In this Proclamation, unless the context otherwise indicates, any expression to which a meaning is assigned in the Defence Act, shall have the meaning so assigned to it, and—

(i) "Defence Act" means the Defence Act, 1957 (Act 44 of 1957); (iv)

(ii) "Government Service Act" means the Government Service Act, 1980 (Act 2 of 1980), of the National Assembly of South West Africa; (ii)

(iii) "South West African Territory Force" means the units of the South African Defence Force organised in and as the South West African Territory Force under the provisions of the Defence Act and specified in Government Notice AG. 105 of 1980 published in the *Official Gazette* of the Territory on 1 August 1980, as amended from time to time by similar notice; (iii)

(iv) "Territory" means the Territory of South West Africa. (i)

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



*Oordrag van gesag aan Administrateur-generaal*

2. (1) Behoudens die bepalings van hierdie Proklamasie word die administrasie van bepalings van die Verdedigingswet wat in Hoofstukke IV, V, VII, VIII en IX daarvan vervat is, in en ten opsigte van die gebied deur die Administrateur-generaal behartig vir sover daardie bepalings van toepassing is of betrekking het op of ten opsigte van—

(a) 'n eenheid of lid van die Suidwes-Afrikaanse Gebiedsmag uit hoofde van die feit dat sodanige eenheid of lid 'n eenheid of lid van die Suid-Afrikaanse Weermag, met inbegrip van die Burgermag of kommando's van die Suid-Afrikaanse Weermag, is;

(b) die opleiding as kadette van persone wat skoliere of studente by 'n skool of ander opvoedkundige inrigting in die gebied is;

(c) die registrasie en inskrywing soos in genoemde Hoofstuk VIII beoog, van persone wat ingevolge die bepalings in daardie Hoofstuk vervat, aansoek om sodanige registrasie of inskrywing moet doen of kan doen en in die gebied woonagtig is, en die toewysing soos aldus beoog van sodanige persone aan 'n eenheid van die Burgermag of die kommando's wat deel van die Suidwes-Afrikaanse Gebiedsmag uitmaak.

(2) By die toepassing van subartikel (1)—

(a) word 'n verwysing na die Minister van Verdediging—

(i) in artikels 21, 22, 35, 37, 44, 56, 62, 66A, 67, 68 en 70*bis* van die Verdedigingswet, uitgelê as 'n verwysing na die Administrateur-generaal;

(ii) in artikels 76, 79, 80, 81 en 89 van die Verdedigingswet, uitgelê as 'n verwysing ook na die Administrateur-generaal;

(b) word 'n verwysing na die Minister van Arbeid in artikels 68, 69 en 70*bis* van die Verdedigingswet, uitgelê as 'n verwysing na die Administrateur-generaal;

(c) word 'n verwysing na die Minister van Finansies in artikels 66A en 76 van die Verdedigingswet, uitgelê as 'n verwysing na die Administrateur-generaal;

(d) word 'n verwysing na die Tesourie in artikels 42*bis*, 43 en 68 van die Verdedigingswet, uitgelê as 'n verwysing na die Tesourie soos omskryf in die Skatkis- en Ouditwet, 1975 (Wet 66 van 1975), soos gewysig deur artikel 6 van Proklamasie 85 van 1979 van die Staatspresident;

(e) word, met betrekking tot registrasie en toewysing ingevolge Hoofstuk VIII van die Verdedigingswet, van persone wat in die gebied woonagtig is, 'n verwysing na 'n registrasiebeampte in daardie Hoofstuk, uitgelê as 'n verwysing ook na 'n registrasiebeampte deur of op gesag van die Administrateur-generaal aangestel kragtens artikel 62 van daardie Wet soos ingevolge paragraaf (a) van hierdie subartikel uitgelê, en word die gebied geag 'n gebied te wees waarvoor 'n keurlys ingevolge artikel 66 van daardie Wet opgestel moet word;

(f) word 'n verwysing na die Departement van Finansies en die Departement van Verdediging in artikel 76 van die Verdedigingswet en die Sekretaris van Verdediging in artikels 42*bis*, 43 en 79 daarvan, uitgelê as 'n verwysing na, onderskeidelik, die Departement van Finansies kragtens artikel 3 van die Regeringsdienswet ingestel, die Departement van Verdediging aldus ingestel, en die in die Regeringsdienswet bedoelde hoof van laasgenoemde Departement;

*Transfer of authority to Administrator-General*

2. (1) Subject to the provisions of this Proclamation, the administration of the provisions of the Defence Act contained in Chapters IV, V, VII, VIII and IX thereof shall be carried on by the Administrator-General in and in respect of the Territory in so far as those provisions apply or relate to or in respect of—

(a) any unit or member of the South West African Territory Force by virtue of the fact that such unit or member is a unit or a member of the South African Defence Force, including the Citizen Force or commandos of the South African Defence Force;

(b) the training as cadets of persons who are scholars or students at a school or other educational institution in the Territory;

(c) the registration and enrolment as contemplated in the said Chapter VIII, of persons who are required to or may apply for such registration or enrolment in terms of the provisions contained in that Chapter and are resident in the Territory, and the allotment as so contemplated of such persons to any unit of the Citizen Force or the commandos forming part of the South West African Territory Force.

(2) For the purposes of subsection (1)—

(a) any reference to the Minister of Defence—

(i) in sections 21, 22, 35, 37, 44, 56, 62, 66A, 67, 68 and 70*bis* of the Defence Act, shall be construed as a reference to the Administrator-General;

(ii) in sections 76, 79, 80, 81 and 89 of the Defence Act, shall be construed as including a reference to the Administrator-General;

(b) any reference to the Minister of Labour in sections 68, 69 and 70*bis* of the Defence Act, shall be construed as a reference to the Administrator-General;

(c) any reference to the Minister of Finance in sections 66A and 76 of the Defence Act, shall be construed as a reference to the Administrator-General;

(d) any reference to the Treasury in sections 42*bis*, 43 and 68 of the Defence Act, shall be construed as a reference to the Treasury as defined in the Exchequer and Audit Act, 1975 (Act 66 of 1975), as amended by section 6 of Proclamation 85 of 1979 of the State President;

(e) any reference to a registering officer in Chapter VIII of the Defence Act shall, in relation to the registration and allotment in terms of that Chapter of persons who are resident in the Territory, be construed as including a reference to a registering officer appointed by or under the authority of the Administrator-General under section 62 of that Act as construed in terms of paragraph (a) of this subsection, and the Territory shall be deemed to be an area for which a selection list is required to be prepared in terms of section 66 of that Act;

(f) any reference to the Department of Finance and the Department of Defence in section 76 of the Defence Act and the Secretary for Defence in sections 42*bis*, 43 and 79 thereof, shall be construed as a reference to the Department of Finance established under section 3 of the Government Service Act, the Department of Defence so established, and the head of the last-mentioned Department referred to in the Government Service Act, respectively;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(g) word 'n verwysing na die *Staatskoerant* in artikels 76 en 89 van die Verdedigingswet, uitgelê as 'n verwysing na die *Offisiële Koerant* van die gebied,

(h) word 'n verwysing na die Staat of die Regering in artikels 43, 66A, 76 en 89 van die Verdedigingswet, uitgelê as 'n verwysing ook na die Administrateur-generaal;

(i) word die verwysing in artikel 82*bis* van die Verdedigingswet na die Staatsdienskommissie, behalwe vir sover daardie artikel ten opsigte van lede van die Staande Mag van toepassing is, uitgelê as 'n verwysing na die Regeringsdienskommissie by artikel 4 van die Regeringsdienswet ingestel.

(3) Vir sover 'n regulasie waarby enigiets voorgeskryf word wat ingevolge of in verband met 'n bepaling van die Verdedigingswet in subartikel (2) genoem, voorgeskryf moet word, onbestaanbaar is met die betrokke bepaling soos ingevolge daardie subartikel uitgelê, word die regulasie uitgelê asof die verwysing na daardie bepaling in subartikel (2) 'n verwysing ook na die regulasie was.

(4) Die bepalings van hierdie artikel wat op Hoofstuk VIII van die Verdedigingswet of 'n bepaling van daardie Hoofstuk betrekking het, tree in werking op 'n datum wat die Administrateur-generaal by proklamasie in die *Offisiële Koerant* van die gebied bepaal.

*Oorgangsbepalings*

3. Enigiets wat kragtens 'n bepaling van die Verdedigingswet in subartikel (2) van artikel 2 van hierdie Proklamasie genoem of kragtens 'n bepaling van 'n regulasie in subartikel (3) van daardie artikel genoem, gedoen is voor die datum waarop daardie artikel met betrekking tot die betrokke bepaling of regulasie in werking tree, word geag gedoen te wees kragtens daardie bepaling of regulasie soos vanaf die betrokke datum ooreenkomstig daardie artikel uitgelê.

*Uitwerking van Proklamasie buite gebied*

4. By die toepassing van die Verdedigingswet op of ten opsigte van 'n lid van die Suid-Afrikaanse Weermag of 'n ander persoon terwyl bedoelde lid of ander persoon buite die gebied is, word enigiets wat kragtens 'n bepaling van daardie Wet of 'n regulasie soos ingevolge subartikel (2) of (3) van artikel 2 van hierdie Proklamasie uitgelê, gedoen is of vereis word en in die gebied vir daardie lid in sy hoedanigheid van lid van die Suidwes-Afrikaanse Gebiedsmag of vir daardie ander persoon bindend is, geag kragtens die betrokke bepaling of regulasie soos dit buite die gebied van toepassing is, gedoen te wees of vereis te word.

*Finansiële reëlings*

5. (1) Ten opsigte van die boekjaar wat op 31 Maart 1981 eindig, word daar uit die Staatsinkomstefonds, in die paaiemente wat die Tesourie van die Republiek bepaal, in die Sentrale Inkomstefonds van die gebied gestort die bedrag, soos deur die Hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag met die instemming van genoemde Tesourie bepaal, waarvoor daar in die begrotingspos van uitgawes van die Departement van Verdediging van die Republiek uit die Staatsinkomstefonds vir daardie boekjaar voorsiening gemaak is met die oog op besteding daarvan ten opsigte van die administrasie in of ten opsigte van die gebied, van die bepalings van die Verdedigingswet in artikel 2 (1) van hierdie Proklamasie genoem, en wat nie aldus bestee is of bestee sal word nie.

(g) any reference to the *Gazette* in sections 76 and 89 of the Defence Act, shall be construed as a reference to the *Official Gazette* of the Territory;

(h) any reference to the State or the Government in sections 43, 66A, 76 and 89 of the Defence Act, shall be construed as including a reference to the Administrator-General;

(i) the reference in section 82*bis* of the Defence Act to the Public Service Commission, except in so far as that section applies in respect of members of the Permanent Force, shall be construed as a reference to the Government Service Commission established by section 4 of the Government Service Act.

(3) In so far as a regulation by which anything is prescribed which is required to be prescribed in terms of or in connection with a provision of the Defence Act mentioned in subsection (2), is inconsistent with the relevant provision as construed in terms of that subsection, such regulation shall be construed as if the reference to that provision in subsection (2) included a reference to such regulation.

(4) The provisions of this section relating to Chapter VIII of the Defence Act or any provision of that Chapter, shall come into operation on a date to be fixed by the Administrator-General by proclamation in the *Official Gazette* of the Territory.

*Transitional provisions*

3. Anything done under a provision of the Defence Act mentioned in subsection (2) of section 2 of this Proclamation or under a provision of a regulation mentioned in subsection (3) of that section, before the date upon which that section comes into operation in relation to the relevant provision or regulation, shall be deemed to have been done under that provision or regulation as construed in accordance with that section from the date concerned.

*Effect of Proclamation outside Territory*

4. In the application of the Defence Act to or in respect of any member of the South African Defence Force or any other person while such member or other person is outside the Territory, anything done or which is required under a provision of that Act or a regulation as construed in terms of subsection (2) or (3) of section 2 of this Proclamation and is in the Territory binding upon such member in his capacity as a member of the South West African Territory Force or upon such other person, shall be deemed to have been done or to be required under the relevant provision or regulation as it applies outside the Territory.

*Financial arrangements*

5. (1) In respect of the financial year ending on 31 March 1981 there shall be paid from the State Revenue Fund, in such instalments as may be determined by the Treasury of the Republic, into the Central Revenue Fund of the Territory the amount, as determined by the Chief of the South African Defence Force with the concurrence of the said Treasury, which has been provided for in the vote of expenditure of the Department of Defence of the Republic from the State Revenue Fund for that financial year with the object of spending it in respect of the administration, in or in respect of the Territory, of the provisions of the Defence Act mentioned in section 2 (1) of this Proclamation, and has not been or will not be so spent.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(2) Die bedrag ingevolge subartikel (1) in genoemde Sentrale Inkomstefonds gestort, word geag ingevolge die wette op die onttrekking van geld uit daardie Fonds, ten opsigte van die boekjaar wat op 31 Maart 1981 eindig, bewillig te wees vir die bestryding van die uitgawes in verband met die administrasie in of ten opsigte van die gebied, van die bepalings van die Verdedignigswet in artikel 2 (1) van hierdie Proklamasie genoem, waarvoor voorsiening gemaak word in 'n begroting van uitgawes deur die hoof van die Departement van Verdediging kragtens artikel 3 van die Regeringsdienswet ingestel, aan die Administrateur-generaal voorgelê en deur die Administrateur-generaal goedgekeur.

(3) Enige uitgawes in verband met die administrasie in of ten opsigte van die gebied, van 'n bepaling van die Verdedigingswet in artikel 2 (1) van hierdie Proklamasie genoem, wat nie ingevolge hierdie Proklamasie deur die Administrateur-generaal behartig word nie, word, onderworpe aan bewilliging by wet van sodanige uitgawes, uit genoemde Sentrale Inkomstefonds bestry asof die betrokke administrasie deur die Administrateur-generaal behartig word of onder sy gesag geskied.

*Kort titel*

6. Hierdie Proklamasie heet die Proklamasie op Verdedigingsaangeleenthede in Suidwes-Afrika, 1980.

(2) The amount paid into the said Central Revenue Fund in terms of subsection (1), shall be deemed to have been appropriated, in terms of the laws governing the withdrawal of money from that Fund, in respect of the financial year ending on 31 March 1981 for the defrayal of such expenditure in connection with the administration, in or in respect of the Territory, of the provisions of the Defence Act mentioned in section 2 (1) of this Proclamation, as may be provided for in an estimate of expenditure submitted by the head of the Department of Defence established under section 3 of the Government Service Act, to the Administrator-General and approved by the Administrator-General.

(3) Any expenditure in connection with the administration in or in respect of the Territory, of a provision of the Defence Act mentioned in section 2 (1) of this Proclamation, which is not administered by the Administrator-General in terms of this Proclamation, shall, subject to appropriation by law of such expenditure, be defrayed from the said Central Revenue Fund as if the relevant administration is carried on by the Administrator-General or takes place under his authority.

*Short title*

6. This Proclamation shall be called the Defence Matters in South West Africa Proclamation, 1980.

## GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

## DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE

No. 1625 1 Augustus 1980

PUBLIKASIES OF VOORWERPE.—VERTOË TEN OPSIGTE VAN APPÈL

Die Direktoraat van Publikasies het op 29 Julie 1980 kragtens artikel 13 van die Wet op Publikasies, 1974, appèl aangeteken teen die beslissing op 24 Julie 1980 van 'n komitee bedoel in artikel 4 van genoemde Wet dat die ondergenoemde publikasie binne die bedoeling van artikel 47 (2) (d) en (e) van genoemde Wet ongewens is:

## GOVERNMENT NOTICES

## DEPARTMENT OF THE INTERIOR

No. 1625 1 August 1980

PUBLICATIONS OR OBJECTS.—REPRESENTATIONS IN RESPECT OF APPEAL

On 29 July 1980 the Directorate of Publications appealed under section 13 of the Publications Act, 1974, against the decision on 24 July 1980 of a committee referred to in section 4 of the said Act, that the undermentioned publication is undesirable within the meaning of section 47 (2) (d) and (e) of the said Act:

| Inskrywing No.<br>Entry No. | Publikasie<br>Publication | Skrywer of voortbringer<br>Author or producer |
|---|---|---|
| P80/7/31....... | *Staffrider*—Vol 3, No 1, June 1980.................... | Ravan Press, Braamfontein. |

No. 1626 1 Augustus 1980

PUBLIKASIES OF VOORWERPE.—VERTOË TEN OPSIGTE VAN APPÈL

Die Direktoraat van Publikasies het op 29 Julie 1980 kragtens artikel 14 van die Wet op Publikasies, 1974, appèl aangeteken teen die beslissing op 22 Julie 1980 van 'n komitee bedoel in artikel 4 van genoemde Wet dat die ondergenoemde publikasie nie binne die bedoeling van artikel 47 (2) van genoemde Wet ongewens is nie. Die tydperk waarin persone bedoel in artikel 14 (3) (b) van genoemde Wet vertoë tot die Appèlraad oor Publikasies, Privaatsak X114, Pretoria, ten opsigte van genoemde appèl kan rig, word hierby bepaal as 10 dae vanaf die datum van hierdie kennisgewing.

No. 1626 1 August 1980

PUBLICATIONS OR OBJECTS.—REPRESENTATIONS IN RESPECT OF APPEAL

On 29 July 1980 the Directorate of Publications appealed under section 14 of the Publications Act, 1974, against the decision on 22 July 1980 of a committee referred to in section 4 of the said Act, that the undermentioned publication is not undesirable within the meaning of section 47 (2) of the said Act. The period within which persons referred to in section 14 (3) (b) of the said Act may make representations to the Publications Appeal Board, Private Bag X114, Pretoria, in respect of the said appeal is hereby determined as 10 days from the date of this notice.

| Inskrywing No.<br>Entry No. | Publikasie<br>Publication | Skrywer of voortbringer<br>Author or producer |
|---|---|---|
| P80/7/100...... | *Calendar, The*—July 1980–July 1981 (Kalender/Calendar) | Bill Hart, c/o Thomson Publications (Pty) Ltd. |

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



No. 1624 1 Augustus 1980

## ONGEWENSTE PUBLIKASIES OF VOORWERPE

'n Komitee bedoel in artikel 4 van die Wet op Publikasies, 1974, het kragtens artikel 11 (2) van genoemde Wet beslis dat die ondergenoemde publikasies of voorwerpe ongewens is binne die bedoeling van artikel 47 (2) van genoemde Wet:

No. 1624 1 August 1980

## UNDESIRABLE PUBLICATIONS OR OBJECTS

A committee referred to in section 4 of the Publications Act, 1974, decided under section 11 (2) of the said Act that the undermentioned publications or objects are undesirable within the meaning of section 47 (2) of the said Act:

LYS/LIST P80/41

| Inskrywing No.<br>Entry No. | Publikasie of voorwerp<br>Publication or object | Skrywer of voortbringer<br>Author or producer | Artikel 47 (2)<br>Section 47 (2) |
|---|---|---|---|
| P80/6/53 | *Prick Up your Ears* | John Lahr | (a) |
| P80/7/102 | *Sex Cruise Orgy* (Whitehouse Photo Reader No 3) | John Frampton | (a) |
| P80/7/108 | *Late Night Business* (Secretary Series Sec-704) | Carole Wilson | (a) |
| P80/7/110 | *Cuba's Position* | Political Publishers, Havana | (e) |
| P80/7/112 | *Documents and Information*—No 22/1980 | Secretariat of the Women's International Democratic Federation, 108, Berlin | (e) |
| P80/7/114 | *ELTSA*—Newsletter No 20, July 1980 (met bestelvorm/with order from "Campaigning Materials Available from ELTSA" n donasievorm/and donation form "A Special Appeal for Funds") | ELTSA, London | (e) |
| P80/7/115 | *Nelson Mandela Says* (Pamflet/Pamphlet) | African National Congress | (e) |
| P80/7/117 | *Anita*—No 101654 (Plakaat/Poster) | Printed in Scotland | (a) |
| P80/7/123 | *Mark Moet Blijven!* (met byvoegsel/with supplement "Meer Informatie") | COSAWR-NL, Amsterdam | (e) |
| P80/7/98 | *Continental Film Review*—April 1968; May 1968; June 1968; January 1969; February 1969; April 1969; April 1970; May 1970; June 1970; July 1970; A gust 1970; September 1970; October 1970; January 1971; February 1971; March 1971; April 1971; 18 May 1971; June 1971 | Eurap Publishing Co. Ltd, London | (a) |
| P80/7/124 | *Mark Must Stay!* (Vertaling/Translation) (Pamflet/Pamphlet) | COSAWR-NL, Amsterdam | (e) |
| P80/7/107 | *Gramsci & Marxist Theory* | Edited by Chantal Mouffe | (e) |
| P80/7/113 | *Korean Stamps*—No 2 (116) 1980 | Korean Stamp Corporation, Pyongyang, DPR of Korea | (e) |
| P80/7/132 | *Freedom Charter, The* (insluitende vertaling/including translation "Lokwalo Lwa Tokolog ") | Nie vermeld nie/Not stated | (e) |
| P80/7/135 | *Freedom Charter of South Africa, The* (Vlugskrif/Leaflet) | United Nations Centre Against Apartheid | (e) |
| P80/7/139 | *ASSO Journal, The*—4th Quarter, Vol 1, December 1978 | The Secretariat, ASSO/NUL, Roma, Lesotho | (d)+(e) |
| P80/7/111 | *Under One Banner* (Pamflet/Pamphlet) | Nie vermeld nie/Not stated | (e) |
| P80/7/120 | *Dawn*—Vol 4, No 2, February 1980 | Umkhonto we Sizwe | (e) |
| P80/7/121 | *Resist Apartheid Militarism* (Kleefseël/Sticker) | Nie vermeld nie/Not stated | (e) |
| P80/7/141 | *Vanguard, The*—No 6, March 1980 | CASSAS, NUL, Lesotho | (e) |

No. 1627 1 Augustus 1980

## VERTOË KRAGTENS ARTIKEL 24 (2) (b)

Die Direktoraat van Publikasies het op 24 Julie 1980 kragtens artikel 24 (1) (a) van die Wet op Publikasies, 1974, appèl aangeteken teen die goedkeuring deur 'n komitee bedoel in artikel 4 van genoemde Wet van die rolprent Brubaker. Die tydperk waarin persone bedoel in artikel 24 (2) (b) van genoemde Wet vertoë tot die Appèlraad oor Publikasies, Privaatsak X114, Pretoria, ten opsigte van genoemde appèl kan rig, word hierby bepaal as 14 dae vanaf die datum van hierdie kennisgewing.

No. 1627 1 August 1980

## REPRESENTATIONS UNDER SECTION 24 (2) (b)

On 24 July 1980 the Directorate of Publications under section 24 (1) (a) of the Publications Act, 1974, appealed against the approval by a committee referred to in section 4 of the said Act of the film Brubaker. The period within which persons referred to in section 24 (2) (b) of the said Act may make representations to the Publications Appeal Board, Private Bag X114, Pretoria, in respect of the said appeal is hereby determined as 14 days from the date of this notice.

| Inskrywing No.<br>Entry No. | Rolprent<br>Film | Voorlegger<br>Submitter |
|---|---|---|
| R80/7/28 | *Brubaker* | Ster-Kinekor (Edms.) Bpk./(Pty) Ltd. |

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



No. 1628 1 Augustus 1980

## ONGEWENSTE PUBLIKASIES OF VOORWERPE.—REGSTELLINGS

In *Staatskoerante* 6263 en 6331, Goewermentskennisgewings 12 en 440 van 5 Januarie 1979 en 9 Maart 1979 respektiewelik vervang die inskrywing P78/12/69 deur die volgende inskrywing:

No. 1628 1 August 1980

## UNDESIRABLE PUBLICATIONS OR OBJECTS.—CORRECTIONS

In *Government Gazettes* 6263 and 6331, Government Notices 12 and 440 of 5 January 1979 and 9 March 1979 respectively substitute the following entry for entry P78/12/69:

| Inskrywing No.<br>Entry No. | Publikasie of voorwerp<br>Publication or object | Skrywer of voortbringer<br>Author of producer | Artikel 47 (2)<br>Section 47 (2) |
|---|---|---|---|
| P78/12/69...... | *Freedom Charter, The* (Pamflet/Pamphlet)...... | Opgestel en aangeneem deur/te/Drawn up and adopted by/at the Congress of the People, Kliptown, South Africa, on 26/6/55. Uitgewer: Onbekend/Publisher: Unknown | (e) |

No. 1629 1 Augustus 1980

## VERBOD OP BESIT VAN ONGEWENSTE PUBLIKASIES

'n Komitee bedoel in artikel 4 van die Wet op Publikasies, 1974, wat kragtens artikel 11 (2) van genoemde Wet beslis het dat die ondergenoemde publikasie ongewens is binne die bedoeling van artikel 47 (2) van genoemde Wet, het kragtens artikel 9 (3) van genoemde Wet die besit van genoemde publikasies verbied. Genoemde verbod is kragtens artikel 9 (5) van genoemde Wet deur die Appèlraad oor Publikasies bekragtig.

No. 1629 1 August 1980

## PROHIBITION ON POSSESSION OF UNDESIRABLE PUBLICATIONS

A committee referred to in section 4 of the Publications Act, 1974, which decided under section 11 (2) of the said Act that the undermentioned publications are undesirable within the meaning of section 47 (2) of the said Act, has under section 9 (3) of the said Act, prohibited the possession of the said publications. The said prohibition was confirmed by the Publications Appeal Board under section 9 (5) of the said Act.

| Inskrywing No.<br>Entry No. | Publikasie<br>Publication | Skrywer of voortbringer<br>Author or producer | Artikel 47 (2)<br>Section 47 (2) |
|---|---|---|---|
| P80/6/117...... | *New Times: A Soviet Weekly of World Affairs*—No 40–52, 1978 | Trud, Moscow.............................. | (e) |


## AGROANIMALIA

Hierdie publikasie is 'n voortsetting van die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Landbouwetenskap Jaargang 1 tot 11, 1958–1968 en bevat artikels oor Diereproduksie en -tegnologie, Diereversorging en -ekologie, Fisiologie, Genetika en Teelt, Suiwelkunde en Voeding. Vier dele van die tydskrif word per jaar gepubliseer.

Verdienstelike landboukundige bydraes van oorspronklike wetenskaplike navorsing word vir plasing in hierdie tydskrif verwelkom. Voorskrifte vir die opstel van sulke bydraes is verkrygbaar van die Direkteur, Landbou-inligting, Privaatsak X144, Pretoria, aan wie ook alle navrae in verband met die tydskrif gerig moet word.

Die tydskrif is verkrygbaar van bogenoemde adres teen R1,50 per eksemplaar of R6 per jaar, posvry (Buitelands R1,75 per eksemplaar of R7 per jaar).

Verkoopbelasting moet by alle binnelandse bestellings ingesluit word.

## AGROANIMALIA

This publication is a continuation of the South African Journal of Agricultural Science Vol. 1 to 11, 1958–1968 and deals with Animal Production and Technology, Livestock Management and Ecology, Physiology, Genetics and Breeding, Dairy Science and Nutrition. Four parts of the journal are published annually.

Contributions of scientific merit on agricultural research are invited for publication in this journal. Directions for the preparation of such contributions are obtainable from the Director, Agricultural Information, Private Bag X144, Pretoria, to whom all communications in connection with the journal should be addressed.

The journal is obtainable from the above-mentioned address at R1,50 per copy or R6 per annum, post free (Other countries R1,75 per copy or R7 per annum).

Sales tax must accompany all inland orders.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



## INHOUD


| No. | | Bladsy No. | Staatskoerant No. |
|---|---|---|---|
| | **PROKLAMASIE** | | |
| 131 | Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika (39/1968): Oordrag van gesag aan die Administrateur-generaal met betrekking tot die administrasie van sekere bepalings van die Verdedigingswet, 1957, in Suidwes-Afrika | 1 | 7166 |
| | **Binnelandse Sake, Departement van** | | |
| | *Goewermentskennisgewings* | | |
| 1624 | Wet op Publikasies (42/1974): Ongewenste publikasies of voorwerpe: Lys P80/41 | 5 | 7166 |
| 1625 | do.: Vertoë | 4 | 7166 |
| 1626 | do.: do | 4 | 7166 |
| 1627 | do.: do | 5 | 7166 |
| 1628 | do.: Verbeteringskennisgewing | 6 | 7166 |
| 1629 | do.: Besit verbode | 6 | 7166 |


## CONTENTS


| No. | | Page No. | Gazette No. |
|---|---|---|---|
| | **PROCLAMATION** | | |
| 131 | South West Africa Constitution Act, (39/1968): Transfer of authority to Administrator-General in relation to the administration of certain provisions of the Defence Act, 1957, in South West Africa | 1 | 7166 |
| | **Interior, Department of the** | | |
| | *Government Notices* | | |
| 1624 | Publications Act (42/1974): Undesirable publications or objects: List P80/41 | 5 | 7166 |
| 1625 | do.: Representations | 4 | 7166 |
| 1626 | do.: do | 4 | 7166 |
| 1627 | do.: do | 5 | 7166 |
| 1628 | do.: Correction notice | 6 | 7166 |
| 1629 | do.: Prohibition on possession | 6 | 7166 |